

7 Februarie

Psalm 51 en Matteus 5:4 (5:4)

Die ware Koninkryksburger: Treurend oor sy sonde, uitermate getroos

Die woord "treur" in Matt 5:4 dui nie op iemand wat in rou verkeer as gevolg van 'n geliefde wat oorlede is nie, maar het te doen met droefheid of hartseer volgens die wil van God. Dit gaan dus om 'n mens wat deur die vernuwende werk van die Heilige Gees besef het dat hy God se toorn opgewek het met sy verkeerde gedagtes, woorde en daade. Daar is nou droefheid in sy hart omdat sy verhouding met God deur eie toedoen in die skadu gekom het - hy of sy treur met berou oor die beskamende situasie, want hy weet van God se afsku oor die sonde.

Dit is dan die tweede karaktertrek van die ware Koninkryksburger: Hy is treurend voor God vanweë sy sondebesef. Waarom, o HERE, was ek so venynig met my mond? Waarom weer so skynheilig en opvlieënd? Waarom so gelieg? Waarom is ek so lou in die gemeente? Ek voel nou so ver van U! Gryp my vas om my Saligmaker ontwil dat ek my kan bekeer.

Die saligheid van hierdie Koninkryksburger is dat hy vertroos sal word, sê Jesus. Sy Vader in die hemel het hom uit genade in sy sondesmart gehoor en die Heilige Gees het sy geloofsoë gevestig op sy Verlosser - dat Jesus ook vir sy sonde kom sterwe het. En hy vlug na Jesus en roep: Vader, vergewe my ter wille van U Seun. Dan is hy getroos - uitermate getroos, want Jesus is sy enigste Troos.

As jy wat jouself 'n Christen noem, na jou self kyk, sien jy 'n mens wat treurend oor jou sonde voor God is, maar tog uitermate getroos?

Sing: Psalm 130:2, 3, 4

Ds. R.L. Vorster (Odendaalsrus)